Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

SEPTEMBER 2019

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS TOT DIE KOUE-OORLOG SPANNING TUSSEN DIE SOWJET-UNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN 1960's BYGEDRA?

BRON 1A

Hierdie uittreksel fokus op die oorsprong van die Kubaanse Missielkrisis, vanaf die laat 1950ês.

Nikita Khrushchev het al in 1956 begin sinspeel dat die Sowjetunie dalk in 'n einde aan die Koue-Oorlog belangstel. Die Verenigde State het egter hierdie voorstel as propaganda afgemaak, en sy beleid teenoor die SowjetUnie het verskerp. In 1962, het die Koue-Oorlog die Westlike-halfrond binnegeval.

Op die klein eiland Kuba, sowat 90 (144km) suid van die Verenigde State, het guerrilla-vegters onder leiding van Fidel Castro die eiland se diktator in 1959 omvergewerp en 'n kommunistiese regering gestig. Die Kubaanse revolusie het 'n plaaslike oorsprong gehad en aanvanklik was Kuba nie aan die Verenigde State of die Sowjetunie gekoppel nie. Ekonomiese oorwegings en die behoefte aan politieke beskerming het gou die Kubane nader aan die Sowjet-Unie gebring. Die Verenigde State het toe 'n ekonomiese boikot van Kuba deur nie-kommunistiese lande georganiseer en suikeraankope vanuit daardie land afgesny.

In 1961 het die VSA die ôBay of Pigsôinval ondersteun 'n onsuksesvolle poging van die Amerikaanse-opgeleide Kubaanse vlugtelinge om die eiland te oorrompel. Die mislukking van die vlugtelinge se inval het Castro die held van die kommunistiese wêreld gemaak en die hoop van kommunistiese revolusionêres in die hele Latyns-Amerika verskerp.

In dieselfde jaar het die Sowjet-Unie missiele na Kuba gestuur, wat met atoomkoppe bewapen is, om óén aanval teen die stede van die Verenigde State te loods.

[Uit *Modern Times: The French Revolution to the Present* deur CJH Hayes et al]

BRON 1B

In hierdie uittreksel, ontleed die historikus Stern, Khrushchev se besluit om kernmissiele na Kuba te stuur.

Kennedy se ontplooiing van die Jupiter-missiele (in Turkye en Italië, wat na die Sowjetunie in die front staar) "was 'n belangrike rede vir Khrushchev se besluit om kernmissiele na Kuba te stuur." Khrushchev het na bewering daardie besluit in Mei 1962 geneem en aan 'n vertroueling verklaar dat die Amerikaners "ons met basisse van alle kante omring het " en dat missiele in Kuba sou help om 'n "ondraaglike provokasie (agressie) teen te werk". "Om die ontplooiing ón geheim te hou ten einde die VSA met 'n fait accompliô (uitgemaakte saak) te verras het Khrushchev aanvaar dat Amerika se reaksie soortgelyk sal wees aan sy reaksie op die Jupiter-missiele ï retoriese veroordeling (verbale beledigings), maar daar was geen dreigemense of aksie om die ontplooiing met 'n militêre aanval, kern of andersins, te stuit (stop) nie. . . "Die Amerikaners sal nou voel hoe dit voel om vyand-missiele op hul gerig te hê; ons sal niks meer doen as om hulle 'n bietjie van hul eie medisyne te gee nie."

Khrushchev is ook deur sy totale regverdigbare geloof gemotiveer dat die Kennedy-administrasie die Castro-regime wou vernietig. Die administrasie het immers 'n inval op Kuba geloods; en het dit met sabotasie, paramilitêre aanvalle en sluipmoordpogings opgevolg ï die grootste klandestiene (geheime) opgerasie in die geskiedenis van die CIA - en het grootskaalse militêre oefeninge in die Karibiese Eilande georganiseer, wat duidelik bedoel was om die Sowjet-Unie en hul Kubaanse kliënt te ontsenu. Dié optrede, soos Stern en ander geleerdes gedemonstreer het, het gehelp om die Sowjet-Unie te dwing om die missiele te installeer om verborge óf onverborge Amerikaanse aanvalle te ontmoedig ï op dieselfde wyse dat die Verenigde State sy bondgenote onder 'n kernsambreel beskerm het om die Sowjet-ondermyning of aggressie teen hulle te ontmoedig.

[UIt https//:theatlantic.com. Toegang op 27 April 2019 verkry]

BRON 1C

Die bron hieronder is 'n transkripsie van 'n televisie-toespraak wat president Kennedy op 22 Oktober aan die Amerikaanse nasie gelewer het. Dit beskryf die stappe wat Kennedy beoog het om teen die ontplooiing van Sowjet-missiele in Kuba te neem.

In die verdediging van ons eie veiligheid en van die hele Westelike-halfrond het ek opdrag ge gee dat die volgende stappe dadelik geneem word:

Ten eerste: Om hierdie aanvallende (binnedringende) opbou te staak, word 'n streng kwarantyn (blokkade) op alle gevaarlike militêre toerusting per vrag na Kuba ingestel. Alle skepe van enige aard wat na Kuba onderweg is, van watter land of hawe ookal, sal teruggewys word as daar bevind word dat daar vragte gevaarlike wapens aanboord is . . .

Tweedens: Ek het opdrag gegee dat toesig oor Kuba en sy militere opbas voortgesiten versteerp word. Ek het opdrag gegee dat die gewapende magte vir enige gebeurlikhede - moet (moontlikhede) voor berei.

Derdens: Dit sal die beleid van hierdie nasie wees om enige kernmissiel wat van Kuba af teen enige nasie in die westelike-halfrond geloods is, as 'n aanval deur die Sowjet-Unie op die Verenigde State te beskou, wat 'n volledige vergelding (wraak) reaksie op die Sowjetunie tot gevolg sal hê . . .

* * *

Sesde: Ons besluit sal op die vinnige aftakeling van alle gevaarlike wapens in Kuba, onder toesig van die Verenigde Nasies se waarnemers aandring, voordat die kwarantyn opgehef word.

Sewende en ten slotte: Ek doen 'n beroep op voorsitter Khrushchev om hierdie klandestiene (geheime), roekelose en uitdagende (konfronterende) bedreiging vir wêreldvrede te staak en om die verhouding tussen ons twee nasies te stabiliseer. Ek doen óók 'n verdere beroep op hom, om hierdie wêreldoorheersingkoers te laat vaar . . . en om hierdie wapens uit Kuba te onttrek, deur enige nasie wat die huidige krisis uitbrei of verdiep, te verhoed, en dan aan óók soeke na vreedsame en permanente oplossings deel te neem.

[Uit *Thirteen Days: A Memoir of the Cuban Missile Crisis* deur RF Kennedy]

BRON 1D

Hierdie bron is 'n voorblad van die *New York Herald Tribune* koerant, gedateer 29 Oktober 1962. Dit rapporteer oor hoe die Kubaanse Missielkrisis tot óń einde gekom het.



The Weather

NEW YORK Herald Tribune
European Edition

Price Per Copy:

75th Year in Europe - No. 24,816 R * PARIS, MONDAY, OCTOBER 29, 1962 Largest circulation of any American newspaper published abroad

Khrushchev Offers to Scrap Cuba Bases

Kennedy Calls 'Statesmanlike Decision' Aid to Peace

President Moves To Assure UN Role

By the Associated Press

WASHINGTON, Oct. 28.—President Kennedy today welcomed Soviet Premier Nikita S. Khrushchev's statement that he is removing offensive missiles from Cuba, and moved to see that the Soviet Union carries out its pledge.

About three hours after Mr. Khrushchev's announcement that he will dismantle his Cuban missile bases and ship their nuclear rockets back to Russia, Mr. Kennedy issued a brief statement welcoming the "statesmanlike decision" as "an important and constructive contribution to peace."

The President's reaction highlighted Washington elation—tempered with caution—over the suddenly brightened chances for peaceful resolution of the Cuban crisis on acceptable terms.

But, pending solid evidence that Mr. Khrushchev is fitting deed to his words, there was no official acceptance of the apparent Soviet backdown. In fact, the United States military buildup continued at an unslackened pace.

The Defense Department made it clear that surveillance flights—which should give the first evidence of whether the bases are being dismantled—or being continued. And there was no relaxation in the naval blockade by which the Navy is keeping Soviet-bloc ships carrying weapons away from Cuba.

The President himself emphasized that there can be no unilateral acceptance of the Russians' statement of withdrawal.

"I welcome Chairman Khrushchev's statesmanlike decision to stop building bases in Cuba, dismantling offensive weapons and returning them to the Soviet Union under verification," he said.

In obvious reference to the United Nations role in assuring Soviet performance, Mr. Kennedy continued:

"We shall be in touch with the Secretary-General of the United Nations with respect to the reciprocal measures to assure peace in the Caribbean area."

Mr. Kennedy didn't say when the UN negotiations would start, but in a letter to Mr. Khrushchev yesterday he stressed their urgency and suggested arrangements

(Continued on Page 2, Col. 7)

U Thant To Havana Tomorrow

Sees Stevenson On Red Decision

By United Press International

UNITED NATIONS, N. Y. Oct. 28.—UN Secretary-General U Thant stood "ready for all eventualities" in the Cuban crisis tonight following Russia's agreement to dismantle its missile bases in Cuba.

The Secretary-General conferred for more than hour with United States Ambassador Adlai E. Stevenson this morning shortly after Moscow radio announced Soviet Premier Nikita S. Khrushchev's decision.

U Thant will leave for Havana Tuesday for consultations with the Cubans, a UN spokesman announced.

When Mr. Stevenson left U Thant's office this morning, it was he who said that the UN chief was "ready for all eventualities."

First eventuality was expected to be negotiation of a formal agreement to carry out Mr. Khrushchev's order to dismantle the missile bases and their weapons and ship them back to Russia.

Mr. Khrushchev agreed in his note to President Kennedy, announced by Moscow radio, that this would be done under UN observation.

Associated Press Radiophoto

ON THE SPOT—Adm. Robert Dennison, commander of the Atlantic Fleet, points to aerial photograph of the American base at Guantanamo Bay during briefing.

U.S. Would Renounce Cuba Attack, Blockade

From Cable Dispatches

UNITED NATIONS, N. Y., Oct. 28.—Soviet Premier Nikita S. Khrushchev announced today that he had ordered Soviet missile bases in Cuba dismantled.

He said that this withdrawal would be undertaken under United Nations verification, which would make it the first verified disarmament on an international level since the end of World War II.

Mr. Khrushchev's announcement was made in the last of a series of letters on the Cuban crisis exchanged between Mr. Khrushchev and President Kennedy over the week end.

Follows Kennedy Offer

Mr. Kennedy, for his part, had promised Mr. Khrushchev yesterday that the United States would lift its arms blockade of Cuba if the Russian rocket bases there were dismantled and removed and that there would be no United States attack or invasion of Cuba.

Mr. Khrushchev said it was his "respect and confidence" in Mr. Kennedy's assurances that led him to his decision to recall Soviet missiles from Cuba.

Mr. Kennedy welcomed the Russian decision as "statesmanlike," but there was no indication that the United States surveillance of Cuba would be eased until there was proof of the Russian withdrawal.

Elation in Washington that the United States had achieved what it had set out to do when President Kennedy imposed the blockade Wednesday was tempered by wariness and caution.

Here are the week end's rapid-sequence events:

1—The Moscow radio yesterday broadcast a message sent from Mr. Khrushchev to Mr. Kennedy Friday in which the Premier said the Soviet Union would dismantle weapons "which you call offensive" in Cuba if the United States pulled similar North Atlantic Treaty Organization missiles out of Turkey.

It was the first Soviet admission

India Seen Set to Ask U.S. for More Weapons

Pentagon: No Orders To Relax

Castro Demands U.S. Leave Guantanamo

By United Press International

(Mr. Kennedy to Mr. Khrushchev

Premier Accepts UN Supervision

[Uit https://images.app.google/7Rn18rk9uHpcA9156. Toegang verkry op 27 April 2019]

KHRUSHCHEV BIED AAN OM KUBA BASISSE TE SKRAP

KENNEDY PRYS KHRUSHCHEV SE AANBOD AS 'N 'STAATSMANLIKE BESLUIT' WAT VREDE SAL AANHELP

VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE NASIES, NA 1975, BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?

BRON 2A

Hierdie uittreksel beskryf die redes en aard van buitelandse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog vanaf 1975.

Die verhouding tussen Kuba en die MPLA gaan terug tot die middel 1960's. Verskeie gebeure getuig van toenemende samewerking aangesien die Kubaanse instrukteurs groot getalle MPLA-stryders in Noord-Angola opgelei en geïnfiltreer het om die gewapende stryd in die tweede helfte van die 1960's uit te voer. Op die vooraand van die Angolese onafhanklikheid in 1975 het Kuba hoë posisie-offisiere na die MPLA-leierskap gestuur om die aard van die hulp wat hulle benoodig te bepaal.Hulle is vertel van die dringende behoefte om 'n leër (weermag) van 20 000 troepe betyds op te lei vir onafhanklikheid in November 1975.

Op 15 Januarie 1975 het die Portugese owerhede in Angola, die MPLA, FNLA en UNITA die Alvor-ooreenkomste onderteken, wat die bepalings van die oorgangsregering bepaal het ï wat die drie bewegings op 31 Januarie 1975 sou vorm. Intussen was die apartheidsregering en die VSA besig met geheime bedrywighede wat daarop gemik was om die MPLA te verhoed om die eerste regering van bevryde Angola te word . . . Pretoria wou apartheid tuis en in Namibië ondersteun. Daar was gevrees dat 'n MPLA-regering in Angola, SWAPO-guerrillas, wat vir die bevryding van Namibië uit Suid-Afrika se onwettige besetting veg, sou versien van militere basisse. Die Amerikaanse Staatssekretaris, Henry Kissinger, het Angola as morele hupstoot vir die VSA gesien, wat sopas 'n vernederende nederlaag in Vietnam gely het. Hy het gehoop om te bewys dat die VSA ten minste in staat was om die kommuniste uit suider Afrika te dryf. Die apartheidsregering het wapens aan UNITA verskaf om oorlog teen die MPLA te voer. Net so het die CIA wapens aan FNLA verskaf deur Mobutu SeseSeko se Zaire.

[Uit *An Epic Tale of Selfless Sacrifices: Cuba's Internationalism in Africa 1962-1991* deur J Sithole]

BRON 2B

Hierdie uittreksel fokus op die betrokkenheid van die Verenigde State van Amerika in die Angolese Burgeroorlog, in die 1970's.

Die Amerikaners het nie opgee nie. Dit was die Koue-Oorlog en elke deel van die wêreld moes met die Sowjet-Unie bestry word. Hulle wou Angola aan die Russe misgun nie net as gevolg van hul olie nie. Angola het goeie hawens op die Atlantiese kus oorkant Amerika gehad en die vooruitsig van 'n Russiese vlootbasis het Washington bekommerd gemaak. Die teenwoordigheid van Kubaanse en Russiese troepe in Angola is ook as 'n bedreiging vir Suid-Afrika beskou. Daar was geen twyfel waar Amerika en Europa gestaan het as hulle tussen apartheid en kommunisme in Suider-Afrika moes kies nie.

Maar die hoofmotief en taktiek van die Amerikaners was eenvoudig om die Sowjet-Unie te laat bloei deur sy Angolese onderneming te duur te maak. In praktyk het dit beteken om die Angolese landbewoners (kleinboere) te laat bloei ï die hoof slagoffers van ón oorlog wat meer as veertig jaar geduur het.

Soos baie klein burgeroorloë van die Koue-Oorlog tydperk wat ideologies voorgekom het, wat deur die gevolmagtigdes van die Marxistiese Sowjet-Unie en die kapitalistiese Verenigde State geveg is, was die Angolese-oorlog eintlik die voortsetting van 'n plaaslike historiese konflik. Om magtige bondgenote te lok, het albei kante die psalms van die Sowjet-Unie of die VSA gesing. Die supermoondhede was mislei om te glo dat hulle ware dissipels (volgelinge) gehad het.

"My vyand se vyand is my vriend" -argument, wat in Angola afgespeel het, het gelei tot: 'n Marxistiese regime wat deur die Sowjet-Unie bewapen word en deur Kubaanse troepe beskerm word, wat deur die inkomste van olie, wat deur Amerikaanse maatskappye gemyn word, aan die gang gehou. Hierdie Amerikaanse maatskappye se bedrywighede is deur Amerikaans-gesteunde sosialistiese rebelle aangeval. Angola was een van die mees bisarre byvertonings van die Koue-Oorlog en ook een van die mees moorddadige.

[Uit *Africa: Altered States, Ordinary Miracles* deur R Dowden]

BRON 2C

Die volgende uittreksel is uit 'n memorandum wat deur Raul Diaz Arguelles van Kuba geskryf is, tydens sy besoek aan Angola in 1975. Dit fokus op die feiteondersoek van hulp aan die MPLA tydens die Angolese Burgeroorlog.

Ons het Sondag 3 Augustus in Luanda, Angola aangekom, en met die MPLA kontak gemaak, wat ons dadelik na 'n hotel geneem het. Toe president Neto van ons aankoms hoor, het hy na ons laat soek, sommige van ons is in sy huis geplaas en ander by die huis van 'n ander kameraad geplaas.

Tydens die eerste gesprek met Neto het ons groete, in die naam van die Bevelvoerder en die Minister van Gewapende Magte, oorgedra en die geskenk van die Bevelvoerder saam met 'n kaartjie oorhandig asook ón verduideliking gegee oor die motiewe van ons besoek.

Ons het ons verduideliking op die volgende punte gegrond:

a) Die petisie wat deur die MPLA geformuleer is, toe hulle in Januarie deur ón afvaardiging van ons party en ons regering besoek is . . .

b) . . . In die Januarie-besoek het hulle vir materiële hulp en voorbereidings van troepe in Kuba en Angola gevra . . .


c) Dat ons die werklike situasie kom besoek het om behoorlik te bepaal waarvoor ons hulp moet verleen, met inagneming die aggressie van die FNLA en van Mobutu vir die MPLA en die moontlike ontwikkelings van toekomstige aksies tot onafhanklikheid in die maand van November. Dat ons geweet het dat die reaksionarisse en imperialiste alle moontlike metodes sal probeer om te verhoed dat die magte van die MPLA oorneem, aangesien dit 'n progressiewe regering in Angola kon beteken, en op grond van hierdie situasie het ons militante solidariteit van die Bevelvoerder, ons party en regering saamgebring. Ons het hulle ook eenhonderd duisend dollar gegee.

Revolusionêre
Raul Diaz Arguelles
Leier van die óTenth Directionô

[Uit *Southern Africa in the Cold War, Post – 1974* deur S Onslow en A van Wyk (eds)]

BRON 2D

Die volgende spotprent deur Thomas Wright, 'n Amerikaanse kunstenaar, het op 7 Desember 1975 in die Washington Post verskyn. Dit beeld die betrokkenheid van die Sowjet-Unie en Kuba in die eerste fase van die Angolese Burgeroorlog uit.



[Uit *Washinton Post*, 7 Desember 1975]

VRAAG 3: HOE HET DIE SWARTMAGSBEWEGING IN DIE 1960'S EN 1970'S, DEUR MIDDEL VAN GEMEENSKAPSPROGRAMME, TOT DIE OPHEFFING VAN SWART-AMERIKANERS, BYGEDRA?

BRON 3A

Hierdie bron verduidelik die redes wat tot die ontstaan van die Swartmagbeweging in die Verenigde State van Amerika in die 1960's gelei het.

Uiteindelik, in 1964, het die Amerikaanse Kongres 'n Wet op Burgerregte, en in 1965 'n Stemwet goedgekeur. Die Burgerregtebeweging, en die nuwe wette, wat as gevolg hiervan bekragtig is, het tot die bevordering van gelykheid vir swart-Amerikaners gelei. Maar nie alle swart-Amerikaners was met die Burgerregtebeweging beïndruk nie. In werklikheid het vooroordeel (vooropgestelde mening) nog steeds bestaan. Swart-Amerikaners het nogsteeds rassediskriminasie ervaar, laer lone as blankes ontvang en hoër misdaadsyfers in hul middestadse buurte beleef. Baie jong swart-Amerikaners, in besonder, wou die werklike sosiale verandering bespoedig. Hulle het die Burgerregtebeweging as té hoofstroom gesien, en nie instaat om swartmense dieselfde geleenthede as blankes te bied nie ï sosiaal, ekonomies en polities . . .

Teen die middel 1960's het ontevredenheid oor die tempo van verandering toegeneem, en die Swartmagbeweging het uit hierdie ontevredenheid ontstaan. Die Swartmagbeweging het aangevoer dat swartes eers in solidariteit moes verenig om sodoende selfstandig te word . . . Die Swartmagbeweging was baie breedgesind (en moet dalk meer akkuraat beskryf word as die Swartmagbewegings) en was daarop gemik om 'n nuwe rasse-bewussyn onder swartmense in die Verenigde State te skep. Dié Beweging het verskillende betekenisse en interpretasies gehad. Beduidende aspekte het die volgende ingesluit: rasse-waardigheid en selfstandigheid. Dit beteken vryheid van blanke gesag in beide die ekonomie en die politiek.

[Uit: https://v1.sahistory.org.za>classroom/grade12/3_1_3.htm. Toegang op 12 April 2017.]

BRON 3 B

Die uittreksel hieronder is uit 'n toespraak getiteld 'The Ballot or The Bullet' geneem wat op 12 April 1964 in Detroit, Michigan, deur Malcolm X afgelewer is. Dit verduidelik die Swartmag-filosofie.

Die politieke filosofie van Swart Nasionalisme beteken dat die swartman die politiek en die politici in sy eie gemeenskap moet beheer . . . om 'n politieke program van heropvoeding aan te gaan om ons mense se oë oop te maak, om ons meer polities bewus te maak, asook polities volwasse, en dan sal ons elke keer as ons gereed maak om te stem, daardie stem aan óń man in die gemeenskap gee wat die gemeenskap se belange op die hart dra. Die ekonomiese filosofie van Swart Nasionalisme beteken dat ons die ekonomie van ons gemeenskap moet besit, bedryf en beheer . . .

Hierdie regering het ons gefaal . . . die blanke liberale wat hulle as ons vriende voorgedoen het, het ons in die steek gelaat . . . Ons benodig 'n selfhelp-program, 'n selfdoenfilosofie, 'n doen-dit-nou-filosofie, en 'n dit-is-te-laat-filosofie . . . Swart Nasionalisme is 'n selfhelpfilosofie . . . Dit is 'n filosofie wat die noodsaaklikheid vir verdeeldheid en argumente uitskakel . . .

So lank as wat jy 'n sit-filosofie het, sal jy 'n sit-gedagtepatroon hê; en solank jy sit-denke het, sal jy in óń soort sit-aksie wees . . . Dit is nie goed om na wat jy gaan doen as 'n sit-staking te verwys nie . . . 'n Ouvrou kan sit. 'n Ouman kan sit . . . óń Lafaard kan sit. Enigiets kan sit. Wel, ek en jy het lank genoeg gesit en dit is tyd vir ons om te begin staan, en om te begin terugveg.

. . . Sluit by enige soort organisasie aan, burgerlik, godsdienstig, broederlik, politiek of andersins, wat op die opheffing van die swartman gebaseer is en wat hom meester van sy gemeenskap maak.

Dit sal die stembrief of die koeël (The Ballot or The Bullet) wees. Dit sal vryheid of die dood wees. En as jy nie gereed is om daardie prys te betaal nie, moet jy nie die woord vryheid in jou woordeskat gebruik nie.

[Uit http://malcolmxfiles.blogspot.co.za/2013/06/the-ballot-or-bullet-april-12-1964.html/m=1. Toegang verkry op 14 September 2018.]

BRON 3C

Hierdie foto wys lede van die Black Panther-Party wat die middestadse jeug by St. Augustine Kerk, Oakland in 1969 voed, as deel van die Free Breakfast Program van die Black Panther-Party.



[Uit: https://images.app.google/mzAon7uRhnfKKtvm7. Toegang op 27 April 2019.]

BRON 3D

Die volgende uittreksel beklemtoon sommige van die selfhelp-gemeenskapsprogramme wat in die 1960's en 1970's deur die Black Panther-Party geïnisieer is.

Die gratis ontbyt vir skoolkindersprogram is in 1968 deur Bobby Seale en Huey P. Newton in Berkeley, Kalifornië, gestig. Dit was die eerste belangrike gemeenskaps-program wat deur die Panthers georganiseer is, en miskien die bekendste. Teen die einde van 1969 is gratis ontbyt in 19 stede, onder die borgskap van die nasionale hoofkwartier en 23 plaaslike affiliasies, bedien. Meer as 20 000 kinders het gratis ontbyt ontvang (brood, spek, eiers, mieliepap) voordat hulle na hul laerskool of hoërskool gegaan het . . .

[Die ander revolusionêre program was die gemeenskapskliniek] . . .Die klinieke is ôPeople's Free Medical Centersô(PFMC) genoem en is uiteindelik in 13 stede regoor die land gestig, van Cleveland na New Haven, Conneticut; en van Winston-Salem, Noord-Carolina, na Los Angeles. Volgens sosioloog Alondra Nelson, was vroue die ruggraat van dié poging ï nie verbasend nie, aangesien ongeveer 60 persent van die Black Panther-partylede vroulik was. Sommige van die klinieke was voor in winkels, ander in sleepwaens of in geboue wat haastig gebou is; waarvan meeste nie lank gehou het nie. Maar hulle het dienste soos toetse vir hoë bloeddruk, loodvergiftiging, tuberkulose en diabetes; kanker opsporings-ondersoeke; fisiese mediese-ondersoeke; behandelings vir verkoue en griep; immunisering teen polio, masels, rubella en difterie, aangebied. Nelson berig dat baie van dié vroue en mans wat by die PFMCs betrokke was, geloofwaardigde professionele gesondheidswerkers geword het.

[Uit https://atlantablackstar.com. Toegang op 26 April 2019]

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Dowden, R. 2008. Africa: Altered States, Ordinary Miracles (Portobello)

Hayes, C.J. *Modern Times: The French Revolution to the Present* (Macmillan, California)

https://dp.la/primary-source-sets/the-black-power-movement.

http://malcolmxfiles.blogspot.co.za/2013/06/the-ballot-or-bullet-april-12-1964.html/m=1

https://theatlantic.com

https://v1.sahistory.org.za>classroom/grade12/3_1_3.htm.

http://writingcities.com/2017/06/29/negroes-with-guns-robert-f-williams-and-the-freedom-struggle/.

Kennedy, R.F. *Thirteen Days: A Memoir of the Cuban Missile Crisis* (WW Norton & Company, New York)

Sithole, J. *An Epic Tale of Selfless Sacrifices: Cuba's Internationalism in Africa 1962-1991*(The Freedom Park Trust, Pretoria)

Washington Post, 7 December, 1975

Kopiereg voorbehou